# Graça se Droom

## Die storie van Graça Machel

Melissa Fagan
Karlien de Villiers
Marike le Roux



# Graça se Droom

Hierdie boek behoort aan

_______________________





*Every child should own a hundred books by the age of five. To that end, Book Dash gathers creative professionals who volunteer to create new, African storybooks that anyone can freely translate and distribute. To find out more, and to download beautiful, print-ready books, visit bookdash.org.*

*Graça se Droom*
Original title: *Graça's Dream*
Written by Melissa Fagan
Illustrated & designed by Karlien de Villiers & Marike le Roux
with the help of the Book Dash participants in Cape Town on 30 August 2014.
Translated by Nal'ibali

ISBN: 978-1-928377-85-6

This work is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 Licence (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/). You are free to share (copy and redistribute the material in any medium or format) and adapt (remix, transform, and build upon the material) this work for any purpose, even commercially. The licensor cannot revoke these freedoms as long as you follow the following license terms:

Attribution: You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use.
No additional restrictions: You may not apply legal terms or technological measures that legally restrict others from doing anything the license permits.
Notices: You do not have to comply with the license for elements of the material in the public domain or where your use is permitted by an applicable exception or limitation.
No warranties are given. The license may not give you all of the permissions necessary for your intended use. For example, other rights such as publicity, privacy, or moral rights may limit how you use the material.

# Graça se Droom



Melissa Fagan, Karlien de Villiers and Marike le Roux

Graça sou binnekort in ’n klein dorpie in Mosambiek gebore word. Die land was arm en die mense het nog nie hulself regeer nie. Kinders het nie goeie skole gehad nie, en baie van hulle kon nie lees nie. Graça se ma het daarvan gedroom om vir haar kinders beter geleenthede te gee. Maar sonder opvoeding, was daar maar min hoop.



Baba Graça sou die sesde kind wees. Maar hierdie vreugdevolle gebeurtenis het ook groot hartseer gebring. Hul geliefde pa was besig om te sterf. Hy het gedroom dat sy jongste dogter na ’n goeie skool toe sou gaan. Hy het geweet opvoeding sou vir haar geleenthede gee wat hy nooit gehad het nie. Sy familie het belowe om hul pa se droom te laat waar word.



Slegs ’n paar weke na hul pa se dood, is die nuwe baba gebore. Sy het ’n naam gekry wat gepas het by haar skoonheid en die seën wat sy was – Graça. Deur die jare het Graça vir haar familie groot vreugde gebring, en hulle het hul belofte aan hul pa nagekom. Graça sou ’n goeie opvoeding kry.



Graça het hard gewerk op skool en as tiener het sy 'n geskenk ontvang wat haar lewe sou verander. Dit was 'n beurs om na 'n ryk stadskool te gaan. Sy het daarvan gedroom om 'n onderwyseres te word en haar opvoeding te gebruik om ander op te voed. Sy wou hê die kinders van haar geliefde Mosambiek moes kan lees en skryf. Sy het gedroom van 'n tyd dat alle kinders sou skool toe gaan.



Graça het haar bes gedoen in daardie stadskool, en jare later is sy weer geseën. Dit was met ’n ander beurs om aan ’n universiteit in die verre Portugal te gaan studeer. Sy het nuwe vriende gemaak, nuwe tale aangeleer en baie boeke gelees. Sy het haar droom om ’n onderwyseres te word, bewaarheid.

Al hierdie dinge het Graça baie gelukkig gemaak. Maar daar was nog een ding wat haar steeds hartseer gemaak het ...



In Mosambiek was mense nog nie vry nie. Maar nou het Graça ’n opvoeding, vaardighede en hoop gehad. Sy het ook vriende gehad wat soos sy gevoel het oor kinders se reg om te leer. Sy het haar kennis gebruik en saam met haar vriende gewerk. Saam het hulle verandering na Mosambiek bring.



Uiteindelik, met die hulp van al haar vriende, was Mosambiek vry!



Die man wat gekies is om die land te lei, was Graça se spesiale vriend, Samora Machel. Hulle het verlief geraak en getrou.



Graça het die belangrike taak gekry om seker te maak dat al die kinders in Mosambiek 'n goeie opvoeding kry. Dit was 'n moeilike taak, want daar was so baie kinders in Mosambiek wat nie kon lees nie. Sy het geweet hulle moet 'n opvoeding kry en wou 'n regte verandering in haar land teweegbring.
Sy het met laerskole begin en seuns en dogters in klaskamers gekry. Haar fokus was geletterdheid, en om boeke in kinders se hande te plaas.







Graça en Samora het twee kinders gehad. Hulle het 'n droom gedeel om 'n goeie lewe vir hul eie gesin en die mense van Mosambiek te skep. Hulle was gelukkig en vol hoop.

Toe, een verskriklike dag, sterf Samora in 'n vliegongeluk.



Graça het baie jare lank oor Samora getreur, maar sy het weer liefde gevind. Sy het 'n man ontmoet wat ook sy lewe lank gedroom het om vryheid, hoop en opvoeding vir sy mense te bring.

Graça het met Nelson Mandela getrou en hulle het saam gewerk om Afrika se kinders te help.



Graça se drome is bewaarheid. Sy het 'n onderwyseres geword. Sy het haar land se vryheid gevier. Sy het dit moontlik gemaak vir meer kinders om skool te gaan, en om geleenthede te hê om groot dinge te bereik.





Hier's 'n boek, my kind. Wat gaan dit jou inspireer om te doen?

